

Woensdag 8 Januarie

Skrifgedeelte: Habakuk 3:1-19

Fokusgedeelte: Habakuk 3:17-19

Wees altyd bly in die Here!

Wat is Habakuk se slotsom? Wat is die sin en geheim van die geskiedenis? Wat leer ons uit Israel se verlede en die geskiedenis van die heelal? Sy nadenke stem hom eers droewig. Dit laat hom 'n klaaglied dig (vs 1). Inderdaad: Hoe dikwels het die Here nie sy almag, grootheid en goedheid aan die mensdom geopenbaar nie. *“Die hemelruim is elke dag vol van sy majesteit”* (vs 3). Tog buig die mens nie voor God en sy Woord nie. Hulle doen wat hulle wil. Hulle word selfs so blind en doof dat hulle nie God se hand in die natuur en geskiedenis sien nie.

Habakuk bid in sy klaaglied dat God Hom steeds as die Almagtige sal betoon. Hy vra dat God in sy regshandhawing en genade sal bly handel soos in die verlede. Dan sal daar vir die kerk en die wêreld 'n toekoms wees. Wanneer hy dan so luister na sy eie klaaglied, wat eintlik 'n lied van die Heilige Gees is, breek 'n nuwe verwagting deur. Al gaan vreeslike dinge gebeur, word ons in God gered en lewe ons.

Só eindig Habakuk se profesie in 'n pragtige loflied (vs 17-19). Ons ken almal hierdie wonderlike lied: Al sal die ergste gebeur, *“noggans sal ek in die Here jubel. Ek sal juig in God, my Redder. Die Here laat my soos 'n ribbok op hoë en gevaarlike plekke loop sonder dat ek val”*. Wees altyd bly in die Here!

Sing: Psalm 18-1:14

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)